

Vrydag 10 Februarie

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:25 – 5:5

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:30

Verseël met die Heilige Gees

Het jy die Heilige Gees? Die feit dat jy kind van God is ... dat jy weet dat Christus jou vrygekoop het van jou sondeskuld ... dat jou lewe verander het van haat na liefde ... dit kom nie uit jouself nie. Dit is die resultaat van die werk van die Heilige Gees in jou hart. Hy het ons as eiendom van God verseël. Verseël beteken:

- om vas en beskut te wees. Deur alles in die lewe is ons vas in God se hand. Niks kan ons van sy liefde skei nie.
- om die sekerheid te hê van wat vir ons voorlê. Ons is verseël met die oog op die verlossingsdag. Dit is die sekerheid dat God ons tot in die ewige lewe sal bewaar. Ons kan selfs in hierdie deurmekaar wêreld uitsien na die dag wanneer God alles in almal sal wees.

Ons lewe moet die eiendomsmerk van die verseëling met die Gees uitdra en uitleef.

- Dit is 'n lewe waarin jy in alles met God leef, net sy eer soek en Hom van harte dien.
- Dit is 'n lewe van berou oor jou sondes en die inspanning om daarvan los te kom.
- Dit is 'n lewe wat uit dankbaarheid net God eer.
- Dit is 'n lewe met al die kenmerke van die nuwe mens.

As dit nie uit ons lewe straal nie, bedroef ons die Gees. Dit is as ons dit wat ons volgens God se bevel moet doen, nie doen nie.

- As ons nie die Bybel bestudeer en bid nie ...
- As ons nie eredienste bywoon nie ...

... sê ons eintlik daardeur dat ons ons ore toedruk om nie te hoor hoe die Heilige Gees ons versterk en vertroos nie.

Ons het die ryke voorreg om met die Heilige Gees verseël te wees. Waar-om wys dit nie meer in ons lewens nie?

Sing: Psalm 9:1, 7

Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)